Die Olielamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Liewe Lesers

Desember. In die wêreld se oë is dit die partytjiemaand. Kersfees, kouse gevul met geskenke, kersliggies, winkelsentrums propvol opwinding en baie partytjies.
Dit ís 'n baie besonderse maand van die jaar. Ons gedenk Christus se koms op aarde. Ons mag feesvier. Ons mag bly wees. Maar op die regte manier. Die *Olielamp*-redaksies (landswyd) wens al ons lesers 'n mooi Kersfees en 'n geseënde Nuwejaar.

2003 was 'n baie goeie jaar vir die *Olielamp*. Ons kan met groot dankbaarheid terugkyk. Dit mag vanselfsprekend voel om elke maand 'n *Olielamp* te ontvang, maar dit is nie. Dit is 'n groot voorreg om 'n publikasie soos dié in vryheid te mag uitbring. Volgende jaar sal DV die *Olielamp* se agtste bestaansjaar wees. Aan God al die eer.

Maar ... die *Olielamp* stop nie hier nie ... Van sterk na sterker ... Dit is met groot trots dat ons die nuwe *Olielamp*-webwerf bekend kan stel. Besoek dit gerus vir vorige uitgawes of artikels: <www.vgk.org.za/olielamp>. Dankie aan Marlene de Vente vir al haar harde werk. Die soekfunksie is weer in 'n werkende toestand.

Aan die einde van die jaar moet ons ook afskeid neem van enkele redaksielede wat uittree. Spesifiek Cora Visser, Pretoria-Maranata se redaktrise. Sy het vir baie jare in die *Olielamp* gewerk, eers as lid en later as redaktrise. Ons wil haar bedank vir al haar harde werk en insette. Linda de Vente sal haar werk oorneem. Haar wens ons sterkte toe. Welkom ook aan al die nuwe redaksielede regoor die land.

Mag die *Olielamp* onder God se seën van krag tot krag groei.

Tanya de Vente
Pretoria-redaksie

Jaargang 7 nr 9, Desember 2003

INHOUD

Kongres 2003	**2**
Wat is in my hart?	2
Die drie groot G's	3
Gesprek met God, wees altyd dankbaar	3
Christelike Gesprek	4
Laat my tong en mond U welbehaaglik wees!	6
Eenheid oor taal- en kultuurgrense heen	6
Uit Die Woord	**8**
Here, U deurgrond en ken my	8
God se verlossende werk maak alle emosies wakker	8
Op Pad	**10**
Wat vra God van ons in sy verbond?	10
Die Woord van God: waar, vas en seker?	11
Voel Jy Ook So?	**13**
Kuns en kerkgeskiedenis: Hiëronymus Bosch	13
Rugby 'n volksafgod?	15
Waar staan VVB op my lysie?	16
Deur Die Sleutelgat	**17**
Voetspore	**19**
Gedigte	**20**

Kongres 2003

KONGRESTEMA: Ons eenheid in Christus

By hierdie jaar se Kongres hoop ons om stil te staan by ons eenheid in Christus. Reeds van die begin van die wêreld af vergader, beskerm en onderhou Christus sy Kerk. Hy roep daardie Kerk op om een te wees. Ons mag ook lewende lede daarvan wees. Dit beteken ons moet saam bou aan die liggaam van Christus.

Maar hoe? Ons moet sy beeld uitdra en praat oor Wie in ons harte woon. Soek eenheid van geloof en eenheid van die kennis van die Seun van God met alle medegelowiges op die hele aarde. Maar ook: bid vir mekaar (Jak. 5:16). Bid mét mekaar. Gebruik die genadegawes wat ons (elkeen afsonderlik) van die Gees ontvang het, tot nut en saligheid van die ander. Dra en verdra mekaar in liefde. Só bou die liggaam homself op. Want in liefde sal ons by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers ons hoof (Ef. 4:15, 16).

(Sien ook 1 Kor. 12; Ef. 4:1-16; HK Sondag 21, Vraag en Antwoord 54 en 55)

Wat volg, is beskrywings van elke individuele werkswinkel/lesing. Ons hoop dat julle die moeite sal doen om bietjie daarna te kyk, sodat ons tydens Kongres opbouende besprekings kan voer.

Nicolas Kleijn

WAT IS IN MY HART?

Mev Annie van der Hout

Vanuit die tema **Ons eenheid in Christus** wil ons saam besin oor **Wie in ons hart woon**.
Die bekende spreekwoord lui: waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Kan die wêreld ons as Christene herken in dit wat ons dink, doen en sê?

Die HERE gee self in sy Woord opdragte aan die jeug - wat julle ook ter harte moet neem. Ons lees byvoorbeeld in Prediker 11:9: "Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring." In Efesiërs 3:17 lees ons: "Sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle, wat in die liefde gewortel en gegrond is."

Is die hart van die mens ooit leeg? As die Heilige Gees nie 'n tuiste daarin het nie, wie of wat kry dan blyplek in ons hart? Dink byvoorbeeld aan die Fariseërs, wat graag deur die mense gesien wou word. Leef ons soms ook nie agter 'n masker van skynheiligheid nie? "As ons by mekaar wel die gereformeerde buitekant sien, maar nie let op die gees wat daaragter sit nie, dan skiet ons tekort aan ons sorg vir mekaar." (Verwys na artikel in *Kompas*, no. 4, April 2003 - Die gevaar van sekularisasie in die kerk).

Met die hand in eie boesem moet ons selfondersoek doen en mekaar in opregtheid en van harte help om God te dien soos Hy dit in sy Woord van ons vra. Mag die Heilige Gees tydens die Kongres ons help om die gebed van Psalm 25:2 (berymd) ten volle te verstaan.

Leer my, HEER, u regte weë,
wys die regte pad my aan;
maak my **hart** daartoe geneë,
om met lus daarop te gaan.

Wil my deur u waarheid leer,
lei my dwalende gedagte;

want U is my heil, o HEER!
U is ek altyd te wagte.

DIE DRIE GROOT G'S

Gees, Geloof & Gawes

Sr. margo middeljans

Ons glo, daarom leef ons tot eer van God. Dit kan nie anders nie. Die geloof maak ons lewend, want dit is die werk van die Heilige Gees. Wanner die Heilige Gees die geloof in ons werk, verlig hy ons verstand deur die woord van God. Die woord van God is die voedingsbodem vir ons geloof wat lewend is en baie vrugte voortbring. 'n Goeie boom dra goeie vrugte; die vrug van die geloof is sigbaar: ons het God en ons medemens lief en bewys dit deur ons dade.

DUS:

- god gee die **gees** vir dié wat hy uitverkies het.
- die gees werk 'n **ware geloof** in my.
- die ware geloof moet sigbaar wees in die **gawes** wat ek as ware gelowige het. daardie gawes moet ek ook tot opbou van die gemeente en my naaste benut.

hierbo is enkele gedagtes oor die onderwerp wat ons dv op die kongres gaan bespreek.
die bedoeling is om dit toe te pas in die praktyk.
dit sal goed wees as julle alreeds daaroor nadink en ook enkele gedeeltes daaroor nalees.

voorstudiemateriaal:

- 🕮 leer en lewe – ds. j.g. feenstra
- 🕮 ons glo en bely – ds. m.j. booyens
- 🕮 wat is een christen nodig te geloven? – ds. f.f. venema

in bogenoemde bronne is daar ook heelwat teksverwysings met betrekking tot hierdie onderwerp. slaan dit gerus na.

GESPREK MET GOD, WEES ALTYD DANKBAAR

(1 Thessalonicense 5:18)

Mev Inge de Visser

REDAKSIES:

Pretoria
Redaktrise: Tanya de Vente tanyadevente@absamail.co.za
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Arjan van Houwelingen; Marius Bijker
Illustrasies: Alex van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Linda de Vente
Sekretaresse : Mirjam de Vries
Penningmeester : Erik Visser
Lede: Elizabeth Aartsma
Wilna Kerkhoff
Thys van de Hout

Kaapstad:
Redakteur – Sjirk Geerts
Artikelversorger - Corrien Geleynse
Artikelversorger – Carina van Alten
Teksversorging - Sandra Scheltens
Sekretaresse - Lieneke Eefting
Finansies - Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg
Administratief en Finansies: Hilda Middeljans
Uitleg: Arjan Bijker bijker@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Party dae kan ons die gevoel hê dat ons geen spesiale kontak met die Here het nie. Ons lewe, is besig met studies, werk of verhoudings. Dit neem ons aandag vir 100% in beslag.

Is dit verkeerd en moet ons daaroor sleg voel? Hoe maak ons eintlik tyd vir die gesprek met die Here? Beteken dit dat ons mekaar aanjaag en onrustig maak omdat ons nie gekonsentreerd genoeg is nie? Nee, ek beplan nie om bid-lesse aan te bied gedurende ons werkswinkel nie. Hoe sou 'n mens dit in elk geval kon doen?

Wat ons wel gaan probeer, is om stil te wees voor God wat ons lewe lei en 'n ongelooflike geduld met ons almal het. Want Hy is altyd daar, met almal van ons. Hy het sy gemeente selfs te voorskyn geroep om te bid vir alles en almal. Jy en ek is deur sy genade deel van hierdie geweldige plan.

Ek hoop ons gaan iets saam deel waardeur ons bewus raak van die seën van die stilte voor God se aangesig. Miskien sal ons vertroue in die Here toeneem en sal ons met blydskap die taak aanvaar om saambidders te word vir die koms van sy Koninkryk, in jou eie lewe en in ons saamleef met sy Kinders en die ongelowiges. Mag ons weereens beter fokus op ons Heiland, die Here Jesus.

Relevante Bybelgedeeltes
Die Bergpredikasie uit Matthéüs 5, 6
Psalm 65
Jesaja 30:15
Klaagliedere 3:26
1 Timótheüs 2:1
1 Thessalonicense 5:18

Vrae om oor na te dink
1. Wat is die sigbare gevolg vir ons persoonlike lewe as ons nie bid nie?
2. Bestaan daar gebede of gedagtes waaroor die Here 'kwaad' word? Hoe weet ons dit?
3. Vir wie het jy die laaste tyd NIE gebid nie?

Literatuurverwysings:
1. Die koerante van die volgende paar weke.
2. Vanaf een week voor die kongres, neem notas van hoeveel tyd jy per dag bestee aan gebed.
3. Die gewone boekies wat jy al lankal gelees het oor die gebed, soos Westerink en ander.

Geniet jou voorbereidingstyd en sien jou daar.

CHRISTELIKE GESPREK

Mev Greet de Vries

Dagsê, alle Kongresgenote

In verband met die onderwerp **Christelike gesprek** sal julle vir my, maar veral vir JULLESELF 'n groot guns bewys indien julle oor die volgende stellings en gedagtes wil broei en nadink – dit kan die gesprek net laat vlotter verloop en baie sinvoller maak.

- Kommunikasie is 'n unieke gawe wat God slegs aan die mens gegee het – tog word ons in verskeie Bybelgedeeltes gewaarsku teen die valsheid en mag van die tong.
- Die hele skepping is tot stand gebring slegs deur die gesproke woord.
- Gesprek is die polsslag van elke verhouding met God of mens.
- Gebrekkige kommunikasie raak jou hele menswees.
- 'n Persoon wat nie 'n gewone gesprek kan voer nie, kan ook nie 'n geestelike of Christelike gesprek voer nie.
- Is dit moontlik om 'n gesprek net soos 'n vreemde taal aan te leer?
- Wat is die 'moets en moenies' vir 'n sinvolle gesprek?
- "Nature gave man two ears but only one tongue, which is a gently hint that he should listen more than he talks."

- Die manier van luister is baie belangrik. Wat sê 'n kritiese maar empatiese luisterhouding vir jou?

- Die grootste persentasie van kommunikasie is nie-verbaal!

- Kan ons persoon en mening skei? Speel die bal en nie die persoon nie!

- 'n Christelike gesprek raak die kern van ons lewe – is dit iets anders as 'n geestelike gesprek?

- Wat behoort die doel van 'n Christelike gesprek te wees? Kan 'n Christen in wese 'n nie-Christelike gesprek voer?

- Hoekom bedink ons so baie ontsnappingsroetes wanneer dit gaan om die voer van 'n Christelike gesprek, buite sowel as binne die kerk – wat beperk ons vrymoedigheid?

- Kan ons 'n Christelike gesprek inisieer of is ons napraters?

- Dra ons maskers onder mekaar omdat ons te kwesbaar voel en te bang is om oop te maak?

- Ontaard Christelike gesprekke nie al te maklik in geestelike terrorisme nie?

- Christelike gesprekke bestaan baiekeer uit verdediging en veroordeling – WAARHEID SONDER DEERNIS IS VERNIETIGEND.

- Speel kennis 'n belangrike rol in ons gesprekke of dobber ons meestal net op ons gevoelens rond?

- Maak ons nie te maklik 'n moontlike Christelike gesprek af nie as ''n vloed van vroom woorde en dwepery' om sodoende onbetrokke te kan bly?!

- **Eie**wysheid speel 'n groter rol as God se wysheid in ons gesprekke.

Die volgende tekste kan jou help om bepaalde spelreëls te ontwikkel vir 'n sinvolle Christelike gesprek:

- 📖 2 Timothéüs 3:15-17
- 📖 Filippense 1:10
- 📖 Romeine 2:18
- 📖 Filippense 2:5
- 📖 1 Korinthiërs 13:9-12

Onthou net altyd: "Woorde wek, maar voorbeelde trek!"

LAAT MY TONG EN MOND U WELBEHAAGLIK WEES!

Christus se Kerkvergaderende werk

J.W. Meijer

Dit is die onderwerp wat aan my gegee is om op die aanstaande Jeugkongres te bespreek. Dit is nogal omvattend, want eintlik betref dit 2000 jaar sendinggeskiedenis. Ons kan natuurlik nie alles daaruit behandel nie en sal dus strewe na 'n algemene oorsig. Dit is ook belangrik om die onderwerp op onsself en ons eie tyd te betrek. Dit bly nogtans 'n baie wye onderwerp. Ons hoop om dit in 'n aantal onderdele te verdeel sodat ons tussendeur nog iets anders kan doen as net stil sit en luister.

Wat kan gedoen word ter voorbereiding? Om vooraf die hele sendinggeskiedenis op te lees, is dalk 'n bietjie veel gevra, wat die tyd aangaan en ook wat die beskikbaarheid van bronne betref. Die beste is dalk om 'n handboek van die kerkgeskiedenis te vat en deur middel van die inhoudsopgawe en opskrifte in die teks te probeer vasstel watter onderdele inligting gee oor die uitbreiding van die evangelie oor die hele wêreld. Hiervoor kan jy byvoorbeeld die redelik beskikbare *Kerkgeskiedenis* van A.D. Pont gebruik, maar ook ander handboeke is geskik. In die Nederlandse taal gee die *Geschiedenis der Kerk* deur H. Berkhof en O.J. de Jong baie inligting. Daar is ook 'n baie oulike Engelstalige boekie beskikbaar: *The story of the Church* deur A.M. Renwick. Dit is bronne wat die hele kerkgeskiedenis behandel. Wanneer dit nie moontlik is om die hele sendinggeskiedenis op te lees nie, doen dan 'n keuse en probeer veral iets vind oor die uitbreiding van die kerk in die eerste drie eeue en die wêreldwye werk van die genootskapsending na 1800.

Probeer ook vasstel hoe die verskillende periodes in die sendinggeskiedenis geëvalueer kan word. Daar was baie wat ons vandag sou wou afkeur, maar wat God nogtans gebruik het. Wat is die sake wat in hierdie opsig van belang is? As jy oor dié soort dinge vooraf nadink en oplees, sal die diskussie oor hierdie onderwerp vir jouself en vir ander baie betekenis gee.

EENHEID OOR TAAL- EN KULTUURGRENSE HEEN

A.J. de Visser

Op 25 Oktober 2003 het die gemeente van Mamelodi aangesluit by die Klassis B van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die gemeente van Soshanguve-Noord het aangedui dat hulle die voorbeeld van Mamelodi gaan volg. Dit beteken dat die VGK inderdaad 'n kerkverband is waar daar geen skeiding op grond van taal- of kultuurverskille gemaak word nie. Blanke en swart gemeentes neem deel in al die strukture van die kerkverband, van klassisvlak tot op sinodevlak. Die gevolge gaan ingrypend wees. Van nou af sal deputaatskappe en kommissies al hoe meer 'n gemengde karakter begin vertoon. Die eersvolgende sinode sal waarskynlik swart broeders in sekere deputaatskappe benoem. Eendag sal daar 'n swart sinodevoorsitter wees. Eendag sal daar swart dosente aan die VGK se teologiese opleiding wees.

Hokaai! Wag! Stop die bus! Is dit nie verregaande nie? Is ons dan nou besig met regstellende aksie in die kerk, of wat gaan aan? Hoe kan ons nou al met sekerheid sê dat daar eendag swart dosente aan die VGK se teologiese opleiding gaan klasgee? Dit gaan mos nie oor die velkleur nie, maar oor die kwaliteit van die dosent?

'n Belangrike vraag is of die eenheid tussen die blanke en swart gemeentes bloot formeel is of dat dit 'n eenheid is wat werklik met hart en siel ondersteun word. Met ander woorde, is dit 'n eenheid wat half teësinnig *verdra* word of is dit 'n eenheid wat met volle oortuiging *nagejaag* word? Hiermee saam is dit belangrik om duidelikheid te hê oor ons visie. Wat wil

die VGK wees? 'n Kerk vir die Afrikanervolk, of 'n kerk vir die hele Suid-Afrikaanse samelewing? Ons hoop om oor hierdie en ander vrae saam te besin tydens die Kongres.

Relevante Bybelgedeeltes
Kol. 3:11; Hand. 6:1-7; Hand. 15:1-34; sien ook **Bronne vir studie**.

Vrae om oor na te dink
- Wat is ons visie vir die VGK: Wil ons 'n oorwegend Afrikaanssprekende kerkverband bly met 'n Sothosprekende aanhangsel, of wil ons die evangelie uitdra na al die taal- en kultuurgroepe in Suid-Afrika?
- Is die eenheid tussen die blanke en die swart gemeentes 'n saak wat veral in kerklike vergaderings en kommissies beleef word, of kan dit ook op 'n gemeentelike vlak beleef word?

Bronne vir studie:

- Handelinge van die VGKSA se Sinode in Johannesburg 2002, bl. 39-42, 199-249.
- J.A. Breytenbach. *Op eie voete*. In: Kompas, September 1999, bl. 21-23.
- J.A. Breytenbach. *Kerkverband in Suid-Afrika en die sinode van Emden 1571*, in: Kerkeenheid: eenheid in die ware geloof. Pretoria, 1999, bl. 33-52.
- J.A. van Rooy. *Kerkverband op multikulturele vlak*, in: Kagiso. Bydraes vir Gereformeerde Sending in Afrika. Deel 2. Pretoria, 1999, bl. 1-8.

Beste Kongresgangers

Hier volg 'n lys van die noodsaaklikhede wat julle moet
saamneem om Kongres 2003 te kan oorleef:

- Middagete vir die eerste dag
- Eetgerei (alle eetgerei – neem maar seep en ’n afdroogdoek ook saam)
- Jou medisyne
- Geld vir die snoepie
- Kongresgelde
- Flits
- Slaapsak en beddegoed (net vir ingeval …)
- Klere vir die hele week (ou klere ingesluit)
- Swemklere, handdoek en sonbrandolie (moenie die sonbril en hoed vergeet nie, dis absoluut essensieel)
- Shakespeariaanse drag (Middeleeuse klere, dus) vir kongresete
- Kerkklere vir die diens Donderdag (of in elk geval mooi klere)
- Badgoeters, gel, Doom en die res van die dinge wat mense opsit om die vlieë weg te jaag - onthou jou seep, sponsie en tandeborsel!
- Bybel en Psalmboek
- Jou voorstudiemateriaal
- Notagoeters (pen, ens.)
- Kamera (opsioneel)
- Jouself, met ’n groot glimlag op jou bakkies
- Indien jy die kongres net vir ‘n dag of twee wil bywoon… R50 ‘n dag.

Sien jou daar!

HERE, U DEURGROND EN KEN MY

Psalm139

Hein de Jager

God deurgrond ons. Hy kyk dwarsdeur ons heen. Niks is vir Hom verborge nie. Hy peil al ons diepste gevoelens en gedagtes. Dit kan vrees by ons wek. Ons weet mos hoeveel kwaadaardige dinge, sondige gevoelens en gedagtes in elkeen van ons is. Ons hoef egter nie te vrees nie. Hy is ons genadige Verbondsgod en Hy wil ons sondes vergewe en ons lewe vernuwe. Jesus Christus het vir ons sondes betaal. God sien ons in Jesus Christus aan. Daarom hoef ons God se alwetendheid nie te vrees nie, maar ons mag troos daaruit put. God weet van al ons sondes, dan sal Hy ook alles vergewe as ons opreg om vergifnis daarvoor vra. Al ons sondes word vir ewig weggedoen. Wat 'n bevryding is dit nie!

God ken ons ook. God stel in ons belang. Hy leef met ons mee. Die Here sien die verdriet, stryd en gebrokenheid van sy kinders aan. God verloor ons nie een oomblik uit die oog nie. Dit is so persoonlik. Dit is asof elkeen van ons die enigste is. God ken ons in die lewe van elke dag. God ken al die dinge wat ons besig hou, dinge wat ons uit die slaap hou, waarvan ons moeilik los kom, bekommernis, sorge, spanning en onsekerheid. God sluit sy arms om ons heen. Dan kan ons veilig voel net soos 'n kind veilig voel in die arms van sy ouer. Ons kan dan rus ontvang ondanks alle onrus rondom ons.

God stel belang in ons as mens. Hy stel belang selfs in die allerkleinste dingetjies van elke dag. God stel belang in sy skepping. Ons is deur sy hande gevorm. Selfs voordat ons gebore is, het God reeds 'n plan met ons gehad. God het reeds 'n skets van ons lewe gehad voordat ons gebore is. God werk nie willekeurig nie, hy volg die plan wat Hy met elkeen van ons het. God is in beheer van alles. Dit is 'n groot vrede vir ons. God se gedagtes is van ewigheid tot ewigheid. Wonderbaar is sy werke. Sal ons Hom dan nie daarvoor loof nie?

GOD SE VERLOSSENDE WERK MAAK ALLE EMOSIES WAKKER

Psalm 126

Arjan van Houwelingen

Psalm 126 lyk in die eerste oogopslag maar 'n verskriklike deurmekaar psalm, asof die psalmdigter maar 'n bietjie emosioneel onstabiel is: eers gejubel en gelag en dan eindig die psalm met trane. Wat gaan hier aan? Wat probeer die psalmdigter nou eintlik sê?

Om die psalm te verstaan, sal ons eers moet kyk na die omstandighede waarin hierdie psalm geskryf is. Die aanhef van die psalm maak dit al duidelik: hierdie psalm is naamlik 'n bedevaartslied. 'n Kenmerk van die bedevaartsliedere is dat hulle hoogs waarskynlik gesing is toe die volk Israel vanaf die ballingskap in Babel op pad terug was na Jerusalem nadat koning Kores hulle toestemming gegee het om terug te keer.

Dit verklaar dus hoekom die psalm op so 'n vrolike noot afskop: God het sy volk weereens verlos. Hy het hulle lewenslot omgeswaai: sewentig jaar het hulle in Babel gesit, en ewe skielik sorg God daarvoor dat hulle weer terug

kan gaan na Kanaän. Dit voel só onwerklik dat die psalmdigter sê dat dit soos 'n droom was.

Nadat die volk agtergekom het dat dit tog werklikheid is, dat hulle werklik op pad is om weer terug Kanaän toe te trek, moet hulle jubel en lag. Dis baie verstaanbaar dat die volk jubel; God het hulle verlos, maar hoekom lag hulle? Is dit nie onvanpas nie? Wat is nou eintlik so komies daaraan dat hulle sewentig jaar lank in Babel was vanweë God se toorn oor hulle sondes? 'n Mens sou eerder 'n dankbare stemming onder die volk verwag terwyl hulle tog ernstig is, omdat hulle weet dat hulle hierdie alles nie verdien het nie.

Die antwoord word in die tweede gedeelte van vers 2 gegee: *"… toe het hulle onder die heidene gesê: Die HERE het groot dinge aan hierdie mense gedoen."* Die heidene wat gedink het dat God alleen maar god is van Israel soos wat ander volke ook gode het en dat met die ballingskap van Israel, hulle god ook onmagtig geraak het. Hulle moet nou erken dat die HERE die magtigste koning op aarde van daardie tyd, koning Kores, se hart sonder enige aanleiding só kon laat omswaai dat hy die volk Israel weer moes laat teruggaan na Kanaän. En hulle het gedink Hy is maar 'n gemiddelde godjie. Belaglik.

Tussen alle gejubel deur bid die psalmdigter ewe skielik in vers 4 dat die HERE asseblief die volk se lot moet verander soos waterstrome in die Suidland. Hoe werk dit? In vers 1 vertel die digter met groot bewondering hoe die HERE die volk se lot verander het, en nou bid hy dat die HERE die volk se lot moet verander. Die digter besef dat die volk Israel totaal afhanklik is van God se ingrype en verlossende werk: soos wat God ingegryp het in die geskiedenis van die ballingskap en hulle verlos het, so sal Hy moet aanhou met sy verlossende werk as hulle weer terug is in Kanaän.

Die effek van God se ingrype is soos die effek van waterstrome in die Suidland: buite die reënseisoen is die spruitjies in die Suidland gewoonlik droog en alles lyk maar dor en sonder lewe. Maar sodra die spruitjies vol water loop as dit begin reën, raak alles groen en vol lewe. Net so is God se sorg en ingrype nodig vir sy volk om te kan oorleef. Die digter besef dit maar alte goed en daarom moet hy vra dat God sal aanhou met sy verlossende werk.

Dit lyk asof vers 5 en 6 nie rêrig inpas by die vrolike prentjie wat die res van die psalm skep nie. Ewe skielik gaan dit oor 'n boer wat op sy landerye loop en huil terwyl hy saai.

Die beeld wat in hierdie verse gebruik word, was algemeen bekend onder die volk: 'n boer het 'n slegte oes gehad die vorige seisoen. Hy het maar baie min graan gekry en hy het nou twee opsies wat hy daarme kan doen: óf hy gebruik al die graan vir kos vir sy gesin sodat hulle nie hoef honger te ly nie, óf hy sit van die graan apart sodat hy dit weer kan saai die volgende jaar.

Hy kies vir die tweede opsie sodat sy boerdery kan aanhou bestaan, ook al beteken dit dat hy en sy gesin die jaar moet hongerly. As hy hierdie jaar swaarkry, sal hy die volgende jaar met vreugde die vrugte daarvan pluk.

Die psalmdigter weet dat Israel waarskynlik die eerste ruk na hulle terugkeer uit die ballingskap baie swaar sal kry. Jerusalem is totaal verwoes en sal herbou moet word, terwyl Kanaän omring is deur vyandige volke (om te sien hoe swaar die volk gekry het na hulle terugkeer uit ballingskap, lees die boek Nehemia). Maar die digter weet ook dat hy deel mag wees van God se volk, en dat God sal sorg dat dit weer goed sal gaan met sy volk. Daarom kan hy daarvan seker wees dat die volk, net soos die boer beskryf in verse 5-6, ná hulle moeites vreugde sal ervaar.

Die beeld van die boer is ook van toepassing op ons as Christene vandag. Ons het 'n taak om hard te werk aan die opbou van God se

Koninkryk. Dit sal beteken dat ons vir Christus sal moet opkom en Hom bely, ook waar Hy en sy volgelinge gehaat en uitgelag word. Dit sal ook beteken dat ons baie dinge nie mag doen nie wat ongelowiges met groot vreugde doen. As volgelinge van Christus sal ons beslis swaarkry (Joh. 15:20). Maar ons het die heerlike beloftes dat God vir ons sal sorg en dat Hy 'n ewige lewe vol vreugde vir ons voorberei. Daar is dus genoeg rede om te jubel, ook al ervaar ons as Christene nog so baie verdriet in die wêreld!

WAT VRA GOD VAN ONS IN SY VERBOND?

Lieze Bron

'n Vraag wat soms by my opkom, is of ek werklik lewe soos wat 'n Christen moet? Kan die mense sien dat ek anders is as mense van die wêreld? Ons doen tog alles saam met ons vriende. Kan hulle my uitken as 'n Christen of word ek gesien as een van die wêreld? Ons is gou om te dink dat ons in die kerk is en dus meer geneig is na goeie dinge terwyl die wêreld uit en uit sleg is. Hoe moet ek lewe om anders te wees? Hoe wil God hê moet ek lewe? Wat vra God van ons in sy verbond?

Om te begin, dink ek ons moet vra wat is 'n verbond? Volgens die verklarende woordeboek is dit 'n ooreenkoms tussen twee partye (Gen. 6:18, waar God 'n verbond met Noag sluit). Vir ons word die verbond saamgevat in die wet (Ex. 34:28). Ons weet almal dat die verbond uit twee dele bestaan, naamlik die belofte en die eis.

Wat behels die belofte? God het ons uitverkies en ons sal die ewige lewe beërwe. Ons sondes is ook vergewe deur Christus se bloed aan die kruis.

Wat behels die eis? Gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid aan die wet. Die doopsformulier lees: "Ons word in die doop geroep en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Ons moet naamlik hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte; ons moet van die wêreld afsien, ons ou natuur doodmaak en 'n godvresende lewe lei." Die verbond is tweesydig en albei partye moet met mekaar omgaan. Alles kan nie net van een kant kom nie. Hoe wys jy dat jy God werklik liefhet (Joh. 14:21,23)? God eis ons hele lewe op. Nie net 'n gedeelte nie, maar alles wat ons is, dink en doen. Ons moet 'n opregte verhouding met ons Vader in die hemel hê. God skenk ons die ewige lewe waar ons vir ewig sy teenwoordigheid mag geniet. Hoe baie tyd maak ons vir Hom? Vergelyk die tyd wat ons vir Hom maak met die ewige tyd wat Hy saam met ons is.

Waarom so 'n eis aan die wet? Die wet dien as riglyn vir ons lewe. Die riglyne bring (1) liefde, (2) dankbaarheid, (3) gehoorsaamheid, (4) verwondering vir ons God en (5) gebed na vore in 'n Christen se lewe.

1. **Liefde**: Die liefde bestaan uit liefde vir jou God en jou naaste. "As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in Sy liefde bly" (Joh. 15:10). "Die liefde van God is in ons hart uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is" (Rom. 5:5). Ons het die liefde in ons, so daar is geen rede hoekom ons dit nie kan betoon aan ons naaste en aan ons Skepper, God, nie. In Romeine 13:10 staan daar dat die liefde jou naaste geen kwaad aandoen nie, daarom is die liefde die vervulling van die wet.

2. **Dankbaarheid**: Ons lewe ons Christenskap uit in dankbaarheid. Die grootste motoriese moment in jou lewe is as jy jou oë oopmaak in die oggend. En weet jy wat? Jy lewe en daar is niks fout met jou nie. Jy het God se liefde en dis al wat jy nodig het om te bly lewe. Dit is rede genoeg om dankbaar te wees en met 'n groot glimlag deur die lewe te gaan. Gee God die erkenning wat Hom toekom. Hy is immers die een wat lewe skenk.

3. **Gehoorsaamheid**: Ek het reeds gehoorsaamheid hierbo bespreek. God eis my hele lewe op. My studies, my sport, my werk en besigheid, my vermaak en gekuier, die musiek waarna ek luister, die TV-programme waarna ek kyk, die flieks waar ek na toe gaan, ensovoorts. Hoeveel van ons stap uit 'n fliek as die Here se naam misbruik word? Of kom ons dit nie meer agter nie, want ons is te gewoond daaraan? God gee geld (wat ons nie verdien nie) as 'n geskenk aan ons en ons gebruik dit op 'n fliek om te luister hoe sy Naam ydellik gebruik word?

4. **Verwondering vir ons God**: Ons word kinders van God genoem. Wat 'n groot voorreg! Wat 'n groot liefde van God se kant af! God woon in ons en wandel onder ons. Hy is vir ons 'n God en ons vir Hom 'n volk (2 Kor. 6:16). Dit is die sentrale belofte van die verbond. Beteken dit vir ons nog iets? Hoekom is dit so wonderlik? Paulus sê dat ons nie meer vreemdelinge is nie, maar medeburgers en huisgenote van God (Ef. 2:19). Ons mag leef in die wêreld van God, ons Vader. Watter invloed het hierdie wete op ons leefwyse?

5. **Gebed**: Gebed is jou manier van kommunikasie met God. Dit moet met opregtheid geskied en uit die diepte van jou hart kom. Gebed is die vernaamste deel van dankbaarheid. Jou gebed bestaan uit 'n lofprysing van God en 'n skuldbelydenis voor God. Ons moet ons skuld bely voor God via gebed. Alhoewel ons dit nie verdien, wil God ons gebed verhoor soos Hy in sy Woord beloof het.

God vra nie van ons om soos 'n poppekas te probeer lewe volgens sy wil nie. Hy vra nie van ons om duisende klein wette te hou omdat ons Christene is nie. Hy vra ook nie van ons om Christenskap te sien as 'n plig of swaar las nie.

Ons is geneig om te dink dat ons in beheer is van ons lewe of dat ons sake onder beheer het. Wat wel waar is, is dat ons beheer word. God is in beheer van ons lewe. Hoe dankbaar kan ons nie daarvoor wees nie! As ons in beheer was, sou dit net een groot gemors gewees het.

Bron: Die lewe van jonk en oud in die verbond. Jaartema 2003, deur ds. C. Kleijn.

DIE WOORD VAN GOD: WAAR, VAS EN SEKER?

Maartje Eefting

Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens moet glo, tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word … want omdat dit verbode is om iets by die woord van God by te voeg of daarvan weg te laat, is daardeur duidelik genoeg dat die leer daarvan geheel volmaak en in alle opsigte volkome is. (NGB, Art. 7)

Glo jy dat die Bybel die ware Woord van God is? Ja? Glo jy dan ook dat Bileam se donkie werklik gepraat het, Daniel in 'n vuuroond en leeukuil was en ongeskonde daaruit gekom het en 'n vis werklik vir Jona ingesluk het en hom drie dae later weer laat gaan het? Vanselfsprekend? Nie vir almal nie. Inteendeel. Daar is mense vir wie dit een te veel is. Hulle is nie gemaklik daarmee nie. Hulle redes? Meestal óf dat dit bloot mense is wat die Bybel geskryf het – wat foute kan maak óf dat dit tog biologies onmoontlik is.

Is dit haarklowery of 'n regverdigbare vraag? En wat beteken dit dat die Bybel die onbetwisbare Woord van God is?



Mens-geïnspireerd vs. Gees-geïnspireerd

Ons leef in 'n tyd waar niks absoluut is nie. Inteendeel, die woord *absoluut* het 'n negatiewe konnotasie. Dit roep gedagtes van beperking en uitsluiting op by meeste mense. In hierdie postmoderne tyd is alles oop vir interpretasie. In die letterkunde is daar 'n teorie wat stel dat as 'n skrywer 'n teks voltooi het, hy eienaarskap daarvan verloor. Dit wil sê: almal is vry om dit te interpreteer en sy eie te maak. Daar word dus nie meer gevra na wat die oorspronklike skrywer daarmee bedoel het nie, maar wat dit alles vir die leser beteken. Woorde soos *waar*, *vas* en *seker* maak nie meer sin vir die mensdom nie.

Die Bybel is egter nie bloot 'n stuk letterkunde nie, maar 'n deur die Gees geïnspireerde Woord van God wat wel waar, vas en seker is. Dit is ons God se Woord aan ons. Hy behou eienaarskap tot in ewigheid. Dit is nie 'n mens-geïnspireerde stuk letterkunde nie. Niemand kan daaraan toevoeg of daarvan wegneem nie, want ons is sondige mense met beperkte visie.

Dit beteken dus dat die skrywers nie in beelde geskryf het of 'n vergissing kon gemaak het nie. Die donkie hét gepraat, die leeus hét Daniel met rus gelaat en die vis hét Jona ingesluk en uitgespoeg. En meer belangrik nog, God het beveel dat dit opgeskryf moes word.

Dat ons dit in twyfel kan trek en debatte daaroor kan voer? Nee. Sodat ons ons kan verwonder oor God se groot dade en sy verlossingswerk deur die Ou en Nuwe Testament kan raaksien. En dit dan kan glo. Dit is nie opgeteken sodat ons kan twyfel nie, maar sodat ons in ons geloof versterk kan word.

Biologie vs. Teologie

As dit dan deur die Heilige Gees geïnspireer is, moet dit dan bloot beelde wees, want dit is wetenskaplik nie verantwoordbaar nie, sê mense verder. Hoe is dit moontlik dat 'n donkie praat, 'n vis rondswem met 'n mens in sy maag en na drie dae hom uitspoeg en honger leeus 'n man uitlos? 'n Goeie teenvraag is: as God nie dit nie eers alles te weeg kan bring nie, hoe kan Hy dan 'n maagdelike geboorte laat geskied? Of glo jy ook nie in Christus nie? Ons belydenis sê tog immers: "*ek glo in Jesus Christus … gebore uit die maagd Maria.*"

As ons God bely as die Skepper van hemel en aarde, kan ons nie sê dat ons nie kan glo dat Hy 'n donkie kan laat praat nie. Hy het selfs die mens en spraak self geskep. Die mens ag

homself van nature groter as God en dit kom uit in ons ongeloof met betrekking tot wat God kan doen. Ons is gode in ons beperkte klein wêreldjie en as God nie met bewyse vorendag kom nie, is ons nie bereid om dit te aanvaar nie. Wie is ons? Ons is soos gras, ons vergaan maklik.

"*Die mens – soos gras is sy dae; soos 'n blom van die veld, so bloei hy. As die wind daaroor gaan, is dit nie meer nie en sy plek ken hom nie meer nie. Maar die goedentierenheid van die Here is van ewigheid tot ewigheid oor die wat Hom vrees, en sy geregtigheid vir kindskinders.*" (Psalm 103:15-17) Ons is skepsele van God; waarom bevraagteken ons Hom?

Geloofsvraag

En is dit nie maar op die ou end 'n geloofsvraag nie? Want God wat die hemel en die aarde geskape het, kan doen wat Hy wil. Die mens kan nie alles deurgrond nie, want God is bo alles. God het verder in sy wysheid besluit om nie alles aan ons te openbaar nie. Ons breine sou dit in elk geval nie kon bevat nie.

En as jy sê jy glo net 'n gedeelte van die Bybel en jou 'kundigheid' die kriteria is, glo jy dan regtig? Is dit nie wat geloof is nie; om nie uit te redeneer nie, maar te glo en te vertrou? Sondag 7 stel dit mooi: *"… nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue …"*.

1 Thessalonicense 2:13 maak dit ook duidelik dat dit op geloof dui om die Woord as geheel te glo: "*Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo*."

Bronne

1. Ek wil net erkenning gee aan Arjen Karssenberg wie se artikel "Stofwolken" ek in die *Reformanda* gelees het.
2. Twee verdere boeke wat ek gelees het was *Betwist Schriftgezag* van Dr. C. Trimp en *De Bijbel in het Geding* van Ds. B.W. Ganzevoort.

KUNS EN KERKGESKIEDENIS: HIËRONYMUS BOSCH

Alex van Houwelingen

Dit is die bedoeling om in die volgende paar uitgawes die (kerk)geskiedenis na aanleiding van destydse kuns te bestudeer. Die fokus sal dan op 'n sekere kunstenaar wees en die verwysing wat sy werk na die gebeure in kerk en wêreld het. Hierdie maand is die fokus op Hiëronymus Bosch en spesifiek sy skildery: *Die tuin van aardse vermaak*.

Indien nadere kennis nie aanwesig was nie, sou mens Hiëronymus Bosch se werk dalk kan plaas in die katagorie van surrealisme en Salvador Dali. Bosch se skilderye is met die eerste oogopslag angsaanjaend, vreemd, soos in 'n erge nagmerrie. Met monsters, bloeddorstige karakters en vreemde voorwerpe. Tog is die Vlaamse Nederlander iemand uit die laat Renaissance, sowat vierhonderd jaar voor die ontstaan van surrealisme.

Die tyd waarin *Die tuin van aardse vermaak* gemaak is, was 'n tyd van groot kerklike en sosiale onrus en spanning. 'n Tyd waar daar nog in heksery, alchemie en die nabye koms van die Antichris geglo is. Dit was 'n tyd waarin die term *memento mori* (onthou die dood) nog duidelik van toepassing was. Bosch se temas kan ook in hierdie lig gesien word. Hy wil in sy werke 'n spieël vir die mense wys. Nie 'n spieël van die sigbare dinge en uiterlike goedheid nie, maar van elke sondige mens se diepste sondige begeertes. Die begeertes wat in elke persoon se sondige onderbewussyn hoogty vier. Deurdat Bosch hierdie neigings so raak weergee in sy werke, het mense sy skilderye al betitel met pre-Freudiese droomanalise (Fleming, 1995:321).

Die tuin van aardse vermaak is in drie panele opgedeel. In die linkerpaneel het God Eva geskape en Adam wat net wakker word sien haar. Die woorde "wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde" van Genesis 1:28 is bygeskryf. Om hulle is Noag se ark met die diere, sommiges is gewone bestaande diere, ander is versinsels. 'n Klomp swart kraaie vlieg in 'n groep uit 'n vreemde bousel, en 'n draak veg met 'n wilde vark. In 'n meer sien mens die Fontein van die Lewe. 'n Bietjie nader is 'n palmboom met 'n slang in. Hierdie simbole stel almal die verval van die wêreld voor. Klein tekentjies wys daarna: swart kraaie, die slang (dui op die sondeval), die vegtende draak, ensovoorts.

Die middelste paneel stel die sogenaamde Tuin van Liefde voor. God se opdrag vir die mens om vrugbaar te wees en die aarde te vul, is heeltemal oordryf. Wat mens sien, is 'n losbandige orgie van naakte jong mans en vroue wat seksuele feesvieringe hou. Die omgewing lyk gelukkig en opgewek met helder kleure. Hierdie valse vreugde is 'n sinspeling op die tydelike en onware geluk wat seksuele uitspattinge te weeg bring. Die jong mense eet enorme aarbeie en sappige vrugte. Alles lyk aards-perfek. In die middel van die paneel sien mens 'n sirkulerende groep ruiters met pyl en boog wat om 'n groep naakte meisies jaag. Die meisies is maagde wat wag vir 'n minnaar om hulle met sy pyl van liefde te skiet. Die landskap spreek van feestelikheid en vreugde.

Wat 'n kontras met die derde paneel! Hier is die atmosfeer donker, angsaanjaend en skrikwekkend. Hierdie paneel stel die Hel voor. Alle lustige drome van die middelste paneel het nou nagmerries geword. Alle mooi natuur van die vorige panele is dood, die bome het geen bas meer nie en die hele omgewing is verlate en dood. Onder op die paneel is die objekte van sondes (soos Bosch dit beskryf het): dobbelstene, kaarte, 'n *backgammon*-bord, 'n dronkenskappartytjie, en 'n seksueel wellustige fees. Bo dit is enorme musikale instrumente. Dit dui op die verleidelike krag wat musiek en dans op die mens het. Nou het die musiek nie meer sy mooi klanke nie, maar het dit 'n objek van pyn vir die mense geword. Een naakte siel is aan die luit vasgebind, en 'n ander een is vasgedruk in die opening van 'n groot blaaspyp. Verder is daar 'n man met 'n eiervormige bolyf, maar dooie bome dien as arms en bene. Op sy kop is 'n doedelsak, wat as 'n simbool vir seksuele wellus optree. Die hele paneel is 'n versameling angs en vrees.

Wat het Bosch bedoel met hierdie werk? Die skildery handel oor die verval van die mens vanuit die heerlikheid in die paradys, na die aardse vreugdes tot in die diepste duisternisse van die hel. Bosch wil dat die werk alle mense moet waarsku en aanspreek. Daarom gaan hy uit van die spreekwoord: wie die skoen pas, trek hom aan. Deur allerhande sondes en verleidings in die panele uit te beeld, wil hy elke individu waarsku dat hy of sy kan sterf en dan hel toe kan gaan. Memento mori.

Jammer genoeg sien Bosch net die verdoeming van mense raak. Vir hom geld slegs die oorgang van heerlikheid in die paradys na aardse vreugde na die hel ('n telkense afval), maar gee hy nie die ander kant van die oordeel weer nie. Christus se verlossingswerk is vir hom nie so belangrik soos die mense se morele gedrag nie. Hy wil die mens – en ook ons – waarsku teen die aardse vreugdes, maar vergeet daarby om die Trooster se boodskap in te sluit. Dat die sondaar altyd troos en Ware Vreugde by Jesus

Christus kan vind. En daarom sou memento Christi meer van toepassing wees.

BRON:
FLEMING, W. 1995. *Arts and Ideas*. Texas: Harcourt and Brace.

RUGBY 'N VOLKSAFGOD?

Floris Visser

Ons is nou in 'n tyd waar die rugby hoogty vier in ons land. Die koerante staan vol met uitslae, verslae en afbeeldings van spelers. Die koerante het party dae amper niks anders in nie. Veral nie hier in die Noorde nie, omdat die Blou Bulle die Curriebeker vanjaar weer gewen het, soos ons almal seker sal weet, want wie kan dit tog mis lees in die koerante en mis luister op die nuus? Ook het die Springbokke onlangs weer 'n teleurstellende vertoning gelewer, daar sal die koerante Maandag ook sekerlik vol van wees. Wie moet sy tasse pak en wie kan bly? Wie se skuld is dit dat ons verloor het? Op al hierdie vrae sal die publiek wel 'n antwoord wil hê.

Dit is dalk baie interessant en ons hou dalk ook van rugby, maar tog moet ons ons wel afvra of dit nie net te ver gaan met die ondersteuning van die spel nie. As jou span wen, drink die mense hulle besimpeld omdat hulle bly is. As die span verloor, drink hulle om te vergeet. Kyk maar hoe lyk dit in die stadions. Die ondersteuners gun mekaar niks en na 'n paar drankies doen hulle enigiets om geld te kry en op te val. Dit hoort alles by die *game,* word dan gesê. Jy moet tog 'n rede hê om te drink? Of jy moet tog êrens die genot wegkry? Ons kan tog nie as Christene van so 'n mooi ding wegbly nie? Nee, maar dit hoef ook nie, natuurlik mag ons van sport geniet en ons span ondersteun, maar tog moet daar vir ons tog perke wees.

Sport is 'n gawe wat ons van God gekry het, maar ons moet dit as ontspaning bly sien. Sport moet nie ten koste van ons werk in die Koninkryk wees nie. As ons weet dat ons nie na 'n stadion toe kan gaan nie omdat ons dan te veel sal drink, dan bly ons by die huis. Ons moet ons nie in die versoeking plaas nie.

Die spelers word ook deur die media opgehemel as dit goed gaan. As ons na die laaste week hier in Pretoria kyk hoe die Bulle almal opgehemel is, is dit vir ons duidelik. Hulle word op 'n bus deur die stad vervoer en deel orals waar hulle gaan handtekeninge uit. Hulle word oorstroom deur die toeskouers. Dalk nie direk verkeerd nie, want ons mag tog seker wel mense bewonder wat so hard vir die beker gewerk het, maar tog kom daar 'n probleem in.

Sal ons ook kilometers ry om by 'n Bybelstudie te wees? Sal ons ook so entoesiasties wees op vereniging omdat ons daar saam oor die Woord van die Here kan praat? Word ons ook so opgewonde tydens 'n erediens of nagmaal as wat ons is tydens 'n eindstryd of 'n ander belangrike *game*? As ons op hierdie vrae negatief geantwoord het, moet ons by onsself begin dink oor of ons die wêreldse ontspanning nie bo God stel nie. Natuurlik wys ons seker nie ons opgewondenheid op dieselfde manier in die kerk as in 'n stadion nie, maar tog moet jy van binne blyer wees in die kerk as in die stadion. Soos die psalmdigter sê in Psalm 84:11: "Want 'n dag in u voorhowe is beter as duisend; ek wil liewer by die drumpel staan in die Huis van my God as om te woon in die tente van die goddeloosheid." Wie is belangriker in ons lewe: die rugbyspelers, of Christus en die geloof in Hom? Ken ons die Bybel net so goed soos die name en taktieke van 'n rugbyspan? Gebruik ons net soveel tyd vir Bybelstudie as vir rugby, of sê ons soms na 'n *game* wat ons gekyk het dat ons nou te moeg is vir Bybelstudie? Sê ons soms nadat ons 'n laat *game* geyk het dat ons vanaand maar nie gaan bid en lees nie, want ons kan ons oë nie oophou nie? As dit die geval is, het rugby of enigiets anders 'n afgod in ons lewe geword.

As ons na al hierdie dinge gekyk het, dan moet

ons weer gaan dink oor die vraag of rugby in ons land nie 'n afgod geword het nie. Is dit nie maar so dat onder ons as Afrikaners die kerke steeds leër raak, maar tog bly die stadions vol? Kom ons kyk maar na die NG-kerk, steeds minder mense kom kerk toe, maar tog was Loftus volgepak tydens die Curriebeker-eindstryd. Ons kan natuurlik nie veralgemeen nie, maar tog kan ons, na my beskeie mening, sê dat onder 'n groot deel van ons volk die rugbygod tog regtig leef. Dan moet ons as Christene tog elke keer weer oppas dat dit nie met ons ook gebeur nie, want sulke dinge gaan nie net by ons verby nie. Nee, die Satan kom ook met die tipe verleidings elke keer weer na ons toe, want dit is so maklik om daarin te val, want dit lyk so lekker soos die wêreld daarna kyk.

Kom ons geniet dan as Kinders van SY Koninkryk sport op 'n goeie manier soos Hy dit van ons vra. Kom ons kyk ook elke keer weer na onsself en die mense om ons en skerp mekaar daarin op. Dan kan ons hierdie wonderlike gawe wat ons ook van God gekry het, saam as sy Kinders gebruik en geniet.

WAAR STAAN VVB OP MY LYSIE?

Carien Antonides

Is dit vir jou moeilik om maandeliks 'n bydrae tot die VVB te maak, of betaal jy dalk self nog nie VVB nie? Met die kry van die onderwerp van hierdie artikel het ek nogal skuldig gevoel – ek betaal dan self nog nie VVB nie! Maar die betaling van VVB is nie 'n las nie en dit moet ook nie gesien word as net nog 'n maandelikse uitgawe nie. In die artikel wil ek graag fokus op die plek van die betaling van VVB (dit geld ook vir ander 'betalings' wat aan die kerk gemaak word) in ons kerkgemeenskap en die Koninkryk van God.

VVB is die bydrae wat gaan vir die salaris van die dominee, die onderhoud van die kerkgebou, die koster se onkostes, ensovoorts. Ons kan dit dus sien as die geld wat uitgegee word vir die 'kerklike huishouding'. Ons almal is deel van die huishouding, omdat ons almal saam die gemeente vorm, en daarom moet ons ook bydra tot die onderhouding van die huishouding.

Wanneer 'n deel van ons maandelikse inkomste bestee word aan ons eie daaglikse lewensbehoeftes (kos, klere, water, elektrisiteit, ensovoorts), sal die meeste van ons nog geld oorhou, die een meer as die ander. Daarmee kan ons hoofsaaklik twee dinge doen: ons kan die geld belê om ons rykdom te vermeerder of ons kan dit skenk vir allerlei kerklike en Christelike aktiwiteite. Wat moet en wat mag ons met ons geld doen?

Dit is 'n moeilike vraag waarvoor ons nou te staan kom. Psalm 24:1-2 moet vir ons die groot vertrekpunt wees: "Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon, want Hy het dit gegrond. Natuurlik mag ons 'n 'reserwe' opbou sodat daar genoeg geld is vir die aanskaf van byvoorbeeld 'n motor, of dalk vir die oprig van 'n eie besigheid. Dit is ons verantwoordelikheid om na ons vermoëns daarvoor te sorg dat ons nie finansieel afhanklik van ander word nie; daarvoor gaan ons ook polisse en lewensversekeringe aan. As gevolg van die sosiale struktuur van ons samelewing vandag, is daar egter beperkter risiko's as vroeër en is die opbou van 'n groot persoonlike kapitaal nie meer te regverdig nie.

Wie besig is om vir hom 'n groot kapitaal op te bou, moet hom wel afvra of hy nie besig is om sy vertroue iewers anders te soek as by God se Koninkryk en sy geregtigheid nie (Ps. 62:11: "… As jou rykdom toeneem, moenie dat dit jou te na aan die hart lê nie"). En wie genoeg geld besit, moet daarop let dat hy dit werksaam maak in die Koninkryk van God. Wie dit doen, kan dan op die gemeenskap van die heiliges vertrou as hy self in finansiële moeilikheid kom.

In 'n preek van wyle prof. B. Holwerda het hy dit so gestel: "Wie as Christen net aan homself dink en sy broeders nie liefhet nie – wie dus sy eie gewin en lewe buite die gemeenskap van die heiliges plaas - hy kan die ewige lewe nie verwag nie. Omdat Mammon vergaan, maar die kerkgemeenskap bly, offer daarom nooit aan Mammon op nie, maar bestee gewillig en met vreugde jou inkomste in die diens van die gemeenskap" (vry vertaal).

Niks wat ons besit is ons eie nie, die Here skenk en leen net aan ons wat eintlik aan Hom behoort. In die laaste gebed van Dawid sê hy: "Want wie is ek en wie is my volk dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring? Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het." Die gee van 'n maandelikse bydrae (VVB) moet dus nie deur ons as 'n las gesien word nie. As ons al die geld wat ons besig, sien as God se geld, dan behoort ons met vrymoedigheid ons geld te kan gee.

Bronne:

Die roeping van die Christen t.o.v. stoflike besittings. Prof. J.C. Coetzee

Omgaan met het aardse goed. Drs. J.P. de Vries

Deur die sleutelgat

Geagte medebroeders en -susters: wees gegroet. Soos die jare aanstap, stap die Jeug ook aan. Ja, dit is natuurlik van toepassing op ons geagte lede, Carina en Hein. Ek het verneem dat hulle van plan is om ons te verlaat. GP toe. Laat ons maar hoop dat die bostelefoon verkeerd was op hierdie een. Alhoewel ek twyfel. Alle inligting word spreekwoordelik met vuur gelouter. As dit die geval is, dan wens ons hulle sterkte toe en hoop dat ons weë eendag weer sal kruis … (Kongres?)

Die jeug het ook nie stilgestaan nie en vernaamlik binne die gemeente. Alhoewel daar eers onenigheid was en miskien 'n titseltjie ontevredenheid, het die basaar die murg in ons pype gewys. Na die eerste reaksie van terughoudendheid verby was (normale jeugreaksie), was daar werk oor die boeg. Almal wat verantwoordelik was vir 'n item het hom goed gekwyt van sy taak. 'n Gemiddelde opkoms het nie die vure van opwinding geblus nie. Selfs nie die werwelwinde kon die gemoedere negatief stem nie.

Die son het steeds sy tande gewys, maar die jeug het net ore gehad vir die koel 'windjie'. En wie nie wil hoor nie, moet voel! Die gros het mooi rooi geword (of bruin, so sal hulle sê) met

uitsondering van Alfred. Hy het nie net rooi geword waar meeste dit moet verduur nie, maar ook sommer op sy kop. Hoe kan dit gebeur, sal julle vra? Wel, ons het ons meesterbreine aan die werk gesit en hulle het tot die konklusie gekom dat dit was óf 1) hy het sulke lang hare gehad dat die hele storie platgeval het en nie besondere dekking aan sy hoof gegee het nie óf 2) sy pruik was by die droogskoonmakers. Toe ons hom daaroor voorkeer, het hy aan ons verklaar: "Ek was moeg vir my kapsel en toe raak ek sommer kompleet daarvan ontslae." So daar het julle dit; dit was nie Arnold Vosloo nie maar Alfred by die basaar. En dis die naakte waarheid.

Een naam staan uit as dit by die feestelikhede kom: Jan Geerts. Ons grootste hoop het met een van die reusepryse weggeloop. 'n Honderd 'bokke' om te gaan spandeer by Fruit & Veg. Daar sirkuleer gerugte dat dit net 'n week se aartappels beteken, maar ons kan dit nie staaf nie. Een persoon wat nie meer as jeug getel kan word nie (vir onverklaarbare redes), was ook een van die toeskouers se gunstelinge. Met krete van "Axel, niemand kry hom onder nie" het hy menige opponente die loef afgesteek. Dit nou met kussinggevegte. Hy het uiteindelik eerbaar in die stof gebyt, maar vuilspel word ondersoek … Ons het later verneem dat die basaar 'n volslae sukses was en daarby baie plesier verskaf het. 'n Woord van dank aan die wat daar was, en aan die wat tydens die rugby aan hulle gedink het! So hou ons beide kante hoog.

Na die basaar was nie almal so moeg nie en het die tog aangedurf na Clifton. Baie mense sal sê dat dit pure onsin is om op so 'n winderige dag die strand op te soek. Nie almal nie. Blykbaar was dit so aangenaam dat hulle na so 'n skamele twee ure moes terugkeer. Tog hou hulle vol dat dit pure plesier was en die weer perfek was vir *beach ball*. Vra vir Pottie (ekskuus Johan, dis moeilik om 'n bynaam nou eenmaal los te laat). Hy het die res blykbaar uitgestof (hoe mens punte byhou by so iets sal net hy weet) en toe 'n paar ander geïnspireer toe hy sy aanstaande op 'n romantiese strandwandeling gevat het. Ons het Maartje al lankal afgestaan aan die gevreesde Okkie, maar ons mis haar steeds. Veral haar ondeunde glimlaggie!

As ons nou terugdink, moet daar nog 'n paar aangeleenthede vermeld word. Soos die rugby-en-braai-aand. Die positiewe jeug het in hulle menigtes versamel by die familie Van Alten. Tannie Ina wou blykbaar nie die rugby alleen kyk nie. Daar was ook 'n paar geliefde vreemdes onder ons en die bloed het vinnig in ons are gevloei. Oorwinning was ons s'n. Net-net nie. Daar was 'n groot klomp dik monde, behalwe vir Jaco. Ek dink nie sy mond was een keer toe nie. Met alle respek, Jaco. Ons moet sy vurige ondersteuning in die aangesig van ondergang bewonder. Dit kan net 'n titseltjie sagter geskied volgende keer, broeder. Die aandag was gou afgelei deur Chris. Nee, nie 'The Bomb' nie, maar Chris Meijer. 'n Ou bekende vir van ons wat saam met hom op skool was. Hy het Ilze se bloed laat kook toe hy onverwags 'n pragtige salto tot in die swembad maak en in die proses haar amper noodlottig verdrink, so nat was sy! 'n Paar manne het hulle borste breed en nat gemaak en lekker geboemel* in die water. Die kos was ook lekker so tussendeur. (*regte voorbehou aan Jaco)

Voor ek vergeet. Antie het 'n behoorlike fees gehou by haar nuwe kamer. Daar was pannekoeke in oorvloed, koffie (as jy die stoof uitgesit het) en 'n gesellige atmosfeer. Terwyl van die intellektueles onder ons mekaar die stryd aangesê het met skaak, het die res hulle gestort in die nuwe spel wat ingevoer is, genaamd De Colonisten van Katan. Blykbaar 'n kruising tussen Monopoly en Risk en dubbel soveel intrige. Toe Noot vir Noot klaar was, besef Hein en Carina dat hulle hul kanse verspeel het deur nie op te let nie. Hulle was gefassineer deur Johan Stemmet se vernuf met die aflewering. Maar die spel was al lang gewonne. Ewart en Ilze se dodelike kombinasie het die ander tot op hulle knieë gedwing. Dankie Antoinette, dit het uitgevat, hoor!

'n Laaste versoek het binnegekom. Die jonger Jeug word vriendelik versoek om hulle gesigte te wys in die sosiale kringe. Daar word gekla dat hulle die Sleutelgat so ontglip.
Moenie bevrees wees nie, my vriende, ek sal hulle plattrek. Woordjie van advies aan die jongeres: julle kan netsowel gesig wys. Die Sleutelgat gaan julle in elk geval plattrek!

Onthou almal van julle: my oog sal nie wyk van die weë van die jongmens nie …

Bonjour

Voetspore

Goeiedag, lesers

'n Ou spreekwoord lui: die stilte voor die storm. En hoe waar blyk hierdie woorde nie te wees nie! Want, geliefdes, Kongres 2003 is binnekort en dan gaan ons dus 'n sogenaamde storm van sosiale aktiwiteite beleef. Maar helaas is die kenmerkende stilte tans aan die gang. Mense skryf eksamens, hou 'n pre-Desembervakansie (veral die mediese studente, soos Nicoline, wat haar volgens oorlewering verveel), of beide. Die matrieks praat slegs oor algebra en Die Keiser (maar nie oor meetkunde nie, dit waag niemand), en die gewese matrieks doen slegs moeite om in die gesprek te deel deur te vertel dat matriek *peanuts* is of dat skool dom is. Kortom: ons gaan 'n normale November 2003 deur. Soos elke jaar.

En daarmee saam sal mens altyd kry dat mense oorsee gaan of terugkom. Op die oomblik wat u hierdie lees, is Marius B, Reinhart, Ruard en Derek as dit goed is in Nederland en Engeland, en 'n hele klomp mense is terug van oor die verre waters. Wonderlik, baie welkom terug!

Op 'n resente Vrydagaand het die Kollonade-winkelsentrum in Pretoria in 'n VGK-lokasie getransformeer toe iemand besluit het om 'n aandjie ysskaats te reël. Dit was skynbaar nogal heel lekker, veral vir die vele valle en die gepaardgaande pyn. Die spanning was effens hoog toe Jan Lubbinge ook op die ysskaatsbaan gewaar is, want soos ons almal weet, is Jan nogal iemand wat 'n ongeluk of twee kan beleef. Maar dit lyk asof hy oorleef het. Na die ysskaats is almal Mugg and Bean toe, en aangesien Erik Visser sulke breë skouers het, het hy 'n waiter "per ongeluk" omgestamp en was Natasha sopnat met allerhande duur verversings.

Nog so 'n Vrydag het vele opwinding opgelewer toe Schalk almal vriendelik genooi het na sy kleinhoewe duskant die Steers-brug-oor-die-pad. Die jacuzzi het goed diens gedoen – so goed dat die hele huis basies in 'n swembad verander het. Schalk, of soos hy nie bekend wil staan nie: Wimpie, het ons geleer hoe 'n *Vrye* Gereformeerde braai werk. Dit is eenvoudig: almal bring 'n vleisie, gooi dit saam in een pot en deel in die vreugde. Iwan en Kie het op versoek gereeld rondgepik op Kobus se hoenderman. Cornelis en Marius het groot uitgehaak toe hulle hul karate *moves* op die maat van Celine Dion en dergelikes gewys het. Met die doel om middernag te vier, het 'n paar bittereinders deurgedruk tot 12 uur om 1 November te vier. Verskeie jeuglede is telefonies gelukgewens met die mooie dag en net die passasiers van 'n wit Toyota Corola sal verstaan hoekom dit 'n rede was. Jammer dat net Celeste nog om kwart voor een wakker was. Was dit nie al verby jou bedtyd nie? Hans, Martyn, Albert-Jan en Antoinettte, hoop julle het julle *voicemails* gewaardeer.

Ja, en dan moet ons seker net die rugbykoors wat geheers het weer met julle deel. Hoe mooi het dit alles begin met 'n indrukwekkende oorwinning teen rugby-grootmagte Uruguay en Georgië, maar die bittereinder Bokke se einde was hierdie keer baie bitter. Gelukkig vir ons Pretorianertjies het die Blou Bulle weereens Suid-Afrikaanse rugby oorheers, maar aangesien my broeder Floris dit so in sy artikel elders in hierdie tydskrif invryf, sal die Voetspoor nie verder die onderwerp aanroer nie.

Die afgelope maand het die groep belydeniskatkisante van beide die Pretoria- en Maranata-gemeente belydenis van hulle geloof afgelê. Dit was 'n mooi diens. Baie geluk aan almal. Terselfdertyd wil ons Schalk en Petro van der Walt hartlik welkom heet in die gemeente en veral ook in die jeug.

'n Vriendelike vermaning aan alle Kongresgangers: los alle nonsies by die huis en wees gereed vir die groot kuier van 2003!
Gegroet, Voetspoor

Gedigte

The Difficulty of Loving

God, you tell us to love.
To love people and to love you.

Sometimes it is easy.
The whole world seems to sing,
And we look at strangers and those close to us,
And our hearts smile.

But it isn't always easy.
Even – or particularly – with those closest to us.
Where needs cry out and hurts go deep,
There is more chance of things to get tangled.
We mean too much to each other,
And we cannot express it.

O God, help us to see clearly
When nothing is clear,
To speak in love
When feeling unloved,
And to have the wisdom and patience
To speak the right words at the right time.

Taken from "Plain prayers in a complicated world.

Die redaksie van die Olielamp wens U 'n geseënde kerstyd en 'n voorspoedige nuwe jaar voor!

VERJAARSDAE

Bethal

Marius Porter	13-Jan

Johannesburg

Marietjie Bijker	22-Des

Kaapstad

Albert Drijfhout	04-Jan
Elsje Scheltens	10-Jan
Elizabeth Raimond	10-Des
Magda Geleijnse	31-Des

Maranata

Ronnie van der Veen	07-Jan
Astrid van der Sluis	12-Jan
Anton Sterk	13-Jan
Erik de Vries	14-Jan
Kosie de Jager	18-Jan
Daniël vd Meulen	29-Jan
Ferdinand Kerkhoff	29-Jan
Johan Sterk	01-Des
Willem Sterk	01-Des
Axel Hagg	02-Des
Gerda de Jager	09-Des
Maryke Aartsma	09-Des
Matthijs van der Hout	13-Des
Marinus van der Hout	19-Des

Pretoria

Iwan Agema	03-Jan
Gerjan Hagg	04-Jan
Andreas Boon	06-Jan
Hans de Wit	09-Jan
Marjan Middeljans	15-Jan
Willemien Ros	17-Jan
Arjan v Houwelingen	18-Jan
Janita Agema	25-Jan
Marita Ros	31-Jan
Carina Bijker	05-Des
Tanya de Vente	07-Des
Lientjie Stolper	17-Des
Richard de Vente	23-Des
Timo Schuring	28-Des